# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 32

> *By ons is meer as by hom. By hom is menslike mag, by ons is die Here ons God wat ons sal help en ons oorlog sal veg. (2 Kron 32:7-8)*

Die Assiriese bedreiging was wesenlik. Assirië was destyds die

magtigste koninkryk, en ook die wreedste. Hulle het met afgryslike martelmetodes vrees by hulle teenstanders ingeboesem. Hulle magsgebied het in Hiskia se tyd tot teen Juda gestrek. Die Noordelike Ryk is finaal deur Sanherib se oupa vernietig, en nou was dit Juda se beurt. Die godsdienshervormings waarmee Hiskia weggedoen het met die Assiriese gode is immers as ’n daad van verset teen Assirië beskou (vgl 2 Kron 28:16 e.v.).

Hiskia se toespraak is aangrypend. Soos ’n Elisa van ouds (2 Kon 6:16) verseker hy sy mense van God se oormag (vers 7-8). Dit beteken egter nie dat hulle armpies gevou kon sit nie. Hy gee opdrag dat die stad versterk moet word, wapens gemaak word en watervoorsiening aandag kry, ingeval van ’n beleg.

Sanherib se optrede is hoe Satan vandag nog met ons maak. Hy stuur manne om met misleiding twyfel in die Judeërs se hart te saai (vers 13-16). Sal God régtig kan help soos hulle dink? Natúúrlik kan ons op Hom vertrou. Hy is meer (vers 7).

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026